# Arangieskop - 2025

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Arangieskop | **DATUM:** | 31 Mei - 1 Junie 2025 |

**KOMMENTAAR**

7 van ons kom die Vrydag aand by Dassiehoek se hut bymekaar en slaap daar oor.  Ons deel die huis met nog 'n groep met stappers wat tot laataand nog skrop en gesels. Ons begin vroeg te stap en pak die roete teen die berg uit aan. Eers is daar 'n lang jeeptrack, dan sien jy die bordjie vir Arangieskop, en dis net op en op en op. Ons klim stadig en geleidelik op. Die weer is absoluut perfek en jy kan vir kilometers en kilometers ver sien. Ons moet af klouter na die rivier, waar ons bietjie 'n ruskans neem. Van daar begin die laaste aanhoudende op tot bo. Die uitsigte raak net beter en beter. Ons hou middagete net voordag ons die laaste stuk pad aanpak wat voel of dit nooit ophou. Aangekom by een van die beste hutte, kry ons groep 'n kamer en elkeen skrop en doen sy ding. Die ander groep is reeds daar en het vuur gemaak vir braai en ook vir die donkie. Ons rus lekker en geniet die asemrowende uitsigte oor die Koo-vallei. Die volgende oggend 7:30 begin met 'n stewig 200m klim van die hut tot bo-op die piek. Op die piek met 'n hoogte van 1696m het jy 360grade uitsigte. Ons neem fotos by die baken met die Suid-Afrikaanse vlag wat in 'n trommeltjie gehou word onder die baken. Ná die foto sessie - SAK JY AF.  Eers is dit rustig en stadig af met die leer, en daarvandaan sak jy 600m oor net minder as 3km. Uiteindelik kom ons in die rivierloop aan waar daar so bietjie rock hopping en scrambling gedoen word voordat ons uiteindelik op die kontoer beland. Hiervandaan is dit voorwaarts voordat ons nog een laaste kloof moet af en op. Hiervandaan is dit net af en af en af en aanhoudend tot weer by die einde.  Maak seker jy is fiks en reg vir hierdie uitdagende stap wat nie verniet verwys word na die “Kilimanjaro of the Cape”. Wil net dankie se vir Werner Booyens vir sy uitstekende leiding en omgee vir mense. Hy verdien 'n medalje!

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Brenda Sideratos | 071/2025 | 25 | 1784 | |
| Werner Booyens | 072/2025 | 25 | 1784 | |
| Elvin van Zyl | 156/2025 | 25 | 1784 | |
| Carine van Zyl | 155/2025 | 25 | 1784 | |
| Gerna Hough | 131/2025 | 25 | 1784 | |
| Elisma Maree | 070/2025 | 25 | 1784 | |
| Elana Swart | 052/2025 | 25 | 1784 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **175** | **12488** | |

| | |
|---|---|
| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | NVT |
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| | |
|---|---|
| **VERSLAG DEUR:** | Brenda Sideratos |